***UIT DIE PEN VAN DIE CEO (49/24)***
**(Volg my op X justchad_cga)**
*Justin Chadwick 6 Desember 2024*
***"The future depends on what you do today" Mahatma Gandhi***

## ***QUICK COMMERCE***

Al ooit gehoor van *Quick Commerce*? Het jy gedink Sixty60 is vinnig? In Indië neem *Quick Commerce* toe, en platforms soos Blinkit, Swiggy en Zepto beloof om jou gewenste produk binne 10 minute by jou te kry! Gevolglik is baie Indiese verbruikers nie meer bekommerd oor die beplanning van hul kruideniersware-aankope nie – wanneer hulle besluit wat om in die aand te kook, is daar geen probleem as 'n bestanddeel ontbreek nie, geen rede om na die naaste winkel te gaan nie, teken net by die toepassing (*app*) in, en tien minute later is die produk in jou kombuis. Hierdie manier van koop neem toe. Groot volumes kruideniersware word daagliks op hierdie platforms verhandel. Dit word moontlik gemaak deur die hoë digtheid van diegene wat in stede soos Nieu-Delhi woon (bevolking 40 miljoen) en die teenwoordigheid van "dark stores" in woongebiede wat 'n wye verskeidenheid kruideniersware aanhou.

Dit is 'n fantastiese manier om die vraag na ingevoerde produkte bekend te stel en uit te brei. Die platform kan adverteer en verbruikers opvoed oor die unieke eienskappe van die produk, met die vermoë om die nuuskierige of avontuurlustige koper binne 'n paar minute te behaag. Die platform kan oor die gesondheidsvoordele of eet-ervaring uitbrei, om verbruik aan te moedig.

Indië is aan die voorpunt van die digitale revolusie. Dit is indrukwekkend – vanaf die vinnigste manier om vir iets met jou slimfoon te betaal, tot om vanuit die gemak van jou huis te koop wat jy nodig het. Beweeg weg e-handel, hier kom *Quick Commerce*.

Die afgelope week se *India South Africa Business Conclaves* in beide Nieu-Delhi en Mumbai, het die sterk verhoudinge tussen die twee lande versterk en op die jong handelsbande gebou. Dit was 'n voorreg om deel daarvan te kon wees. Sedert 2020 het beide appel- en sitrusuitvoere na Indië verdriedubbel. 90% van ingevoerde pere kom vanaf Suid-Afrika. 'n Besoek aan Delhi is nie volledig sonder 'n besoek aan die munisipale mark nie. Die blote hoeveelheid vars produkte wat daagliks deur die mark beweeg word, is verstommend – met 'n bevolking van 40 miljoen, waarvan 'n groot deel vegetaries is, is dit geen wonder dat die mark 'n woelige, raserige en lewendige plek is nie. Baie invoerders het nou promosie materiaal wat deur HORTGRO befonds word onder die "Beautiful Fruit, Beautiful Country"-vaandel. Met die fantastiese toeriste-bestemmings in Suid-Afrika, is hierdie veldtog nóú verwant aan die toerisme-bevordering van Suid-Afrika. Dit was gepas om Suid-Afrika se vrugte-aspirasies met Patricia De Lille, Minister van Toerisme, by die *Conclaves* te bespreek. Die Minister het twee belangrike sake aangekondig wat sal help om handel met Indië te bevorder: verbetering in die toekenning van visums aan Indiese burgers, en samesprekings om direkte vlugte tussen Indië en Suid-Afrika te hervat.

Uitvoere van sitrus na Indië het van 10 000 ton in 2020 tot byna 30 000 ton in 2024 toegeneem. Waar die mark tradisioneel meestal lemoene was, dra mandaryne nou byna 'n derde toe tot die sitrusuitvoere uit Suid-Afrika. Daar is ook potensiaal om suurlemoen- en pomelo-volumes te laat groei.

Wat in die pad van werklike vooruitgang staan, is die Indiese invoer-heffings en verskepingsvereistes. Invoer-heffings vir sitrusprodukte na Indië is 30%. Daar is besprekings oor hoe dit aangespreek kan word op 'n manier wat beide lande sal bevoordeel.

Op die oomblik laat Indië nie *"in transit"* kouebehandeling van vrugte toe nie, wat beteken dat die vrugte óf berook óf op land behandel moet word, wat beide koste en tyd beïnvloed. Onlangs is suksesvolle "*in transit*" "trial"kouebehandeling-verskepings deur Indië ontvang, wat tot 'n hersiening van die vereistes kan lei. Almal in die handel hoop dat hierdie hersiening teen 2025 in plek sal wees.

Dit was wonderlik om die promosie materiaal en handelsmerk op winkelfronte vir *Sweet C* te sien – hierdie bewusmakings- en promosieveldtog dryf die vraag na mandaryne uit Suid-Afrika aan, en die mark soek na meer.

## ***GLOBALG.A.P.***

Die *GLOBALG.A.P. Environmental Sustainability Solution (ESS)* is oop vir 'n derde en laaste openbare konsultasie tot **20 Desember 2024**. Om kommentaar te lewer op die ESS, volg asseblief hierdie skakel: https://pc.globalgap.org/